PARKSIG
Eiendomsagentskap
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
1486 — Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

# die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVIII — 7 JUNIE 1963 — NR. VIII
OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# Mnr. Fanie Meyer voor A.S.B.

## *Taak om wanvoorstellings reg te stel*

**„Dit is een van die hooftake van die Departement van Inligting om wanbegrippe en beswadderings teen die Republiek reg te stel", het mnr. Fanie Meyer, Hoof-Voorligtingsbeampte van die Departement van Inligting gesê toe hy Woensdagaand in die Totius-gedenksaal as gasspreker opgetree het tydens die vergadering van die Afrikaanse Studentebond.**

In sy toespraak het mnr. Meyer ook verwys na die agterdog en vyandigheid waarmee die rassebeleid van die regering van die Republiek bejeen word. In talle gevalle is openlik erken dat berigte oor die Republiek met opset verdraai is om sodoende die sensasielus van die buitelandse leserspubliek te bevredig. Voorbeelde is deur die spreker genoem waar die sirkulasie van 'n sekere Duitse koerant met een miljoen lesers gestyg het toe 'n artikel en fotos geplaas is waarin bandiete in 'n tronk as slawearbeid beskryf is.

Tydens sy toespraak het mnr. Meyer die goeie werk geskets wat reeds deur die Departement van Inligting gedoen is om die wanbegrippe oor die Republiek uit die weg te ruim. Spreker het die studente ook daarop gewys dat die Departement van Inligting die jongste Staatsdepartement is aangesien hierdie Departement eers op 27 November 1961 ontstaan het.

In sy toespraak het mnr. Meyer gewag gemaak van die feit dat die Departement van Inligting van verskeie hulpbronne gebruik maak in sy veldtog teen die beswaddering van die Republiek in die buiteland. In hierdie opsig speel die radio en publikasies soos die „Suid-Afrikaanse Panorama" 'n belangrike rol. Die Departement van Inligting maak ook op groot skaal gebruik van rolprente in sy stryd teen die wanbegrippe.

Na die toespraak is dan ook enkele van hierdie rolprente aan die studente getoon sodat hulle 'n goeie beeld kon vorm van die geweldige taak wat die Departement van Inligting het om te vervul.

Na afloop van die rolprentvertonings is aan die studente die geleentheid gebied om vrae te stel en is die verrigtinge afgesluit met die sing van die „Stem".

# A.S.B.-Beleidsraad en hoofbestuur vergader vandag en more.

**Belangrike sake word bespreek tydens die hoofbestuurs- en beleidsraadsvergadering van die Afrikaanse Studentebond wat vandag en môre hier op Potchefstroom gehou sal word.**

Vanaand begin die hoofbestuursvergadering wat vanaand afgehandel sal word. 'n Lang lys van sake is op die agenda en volgens mnr. Dirk Herbst, die president van die A.S.B., sal dit moeilik gaan om al die agendapunte vanaand af te handel. Onder andere dien die buitelandse kontakbeleid van die Afrikaanse Studente Persunie en 'n toespraak van mnr. Kamiël Pauwels oor Internasionale studentebetrekkinge op die agenda.

Môre vergader die beleidsraad waartydens ook 'n lang agenda afgehandel sal word. Onder andere sal besprekings gevoer word oor kontak met Engelstalige universiteite.

# *Kontak met Rhodes besonder suksesvol*

**„Die besoek van die Studenteraad van die Puk aan die Studenteraad van Rhodes gedurende die naweek van die 23e Mei, was besonder suksesvol", het mnr. Kotie de Jager, voorsitter van die Studenteraad aan „Die Wapad" gesê.**



Mnr. Kotie de Jager
*Fotokuns*

Die vriendelikheid en die gasvryheid was duidelik merkbaar asook die gees van absolute toegeneentheid jeens die Afrikaanse student. Dit het geblyk dat die sukses van die besoek in 'n groot mate te wyte is aan die feit dat die twee universiteite omtrent ewe groot is en dat hulle probleme baie dieselfde is. Die samesprekings is dan ook gekenmerk deur 'n gees van leergierigheid van die kant van die Studenteraad van Rhodes.

Die Studenteraad van Rhodes het dan ook hulle spyt uitgespreek dat sodanige samesprekings in die verlede weens politieke of godsdienstige redes misluk het en die hoop is uitgespreek dat die opvolgers van die huidige studenterade die goeie werk sal voortsit.

Die eerste van die drie onderwerpe van die simposium nl. inlywing het baie interessante dinge te voorskyn laat kom. Die inlywing op Rhodes dien ses weke, maar dit geskied sonder 'n gees van belaglikmaking. Die eerstejaars word daar geaktiveer deur 'n komitee wat die eerstejaars verskillende opdragte laat uitvoer. Die eerstejaar woon daar ook in aparte koshuise en hulle is van mening dat dit besonder goed werk en nie geïsoleerdheid in die hand werk nie.

Die tweede onderwerp het gegaan oor die administratiewe beampte. Daar het hulle nie soos die geval op die Puk is 'n voltydse organiseerder nie. Hulle het wel 'n voltydse sekretaris.

Hulle vind veral probleme met die hantering van die fondse van die sportklubs wat elk 'n sentrale kas het. Hulle is veral beïndruk op die wyse wat die P.U.-studenteraad hulle organisasie gedoen het.

Uit die derde onderwerp het dit geblyk dat die verhouding tussen die dosente en die studente op 'n baie goeie voet is aangesien die huisvaders in die koshuise almal op die doserende personeel is.

## ABE BAILEY-BEURS GEWEN



Mnr. Idyll van der Walt

Mnr. Idyll van der Walt, huidige onder-voorsitter van die Studenteraad, is deur die Raad van die Universiteit aangewys as die wenner van die Abe Bailey-beurs vir vanjaar.

## EREKLEURE OP KULTUURGEBIED BEPLAN

Die A.B.K.K. skenk op die oomblik aandag aan die moontlikheid om ook erekleure aan studente toe te ken wat hulle op kulturele terrein onderskei, het mnr. Francois de Villiers in 'n onderhoud aan „Die Wapad" gesê.

Daar word gevoel dat erekleure aan verdienstelike persone gegee word wat hulle in die belang van een of ander aspek van die studentelewe onderskei het. Tot sover is daar egter net aan die sportmanne kleure toegeken en die bestuur wil dit ook uitbrei na die kultuurliggame. Die probleem lê egter by die norme wat gestel sal word by die toekenning van sodanige kleure.

# SUID-AFRIKAANSE STUDENTEBOND BEOOG

Die gedagte van die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Studentebond het die afgelope weke aan die verskillende universiteite in Suid-Afrika verskillende reaksies uitgelok. Selfs op Pretoria waar die gedagte blykbaar begin het, is die menings taamlik uiteenlopend.

Vanuit Asterhof, een van die dameskoshuise van die Universiteit van Pretoria, is briewe na die verskillende universiteite gestuur waarin die gedagtes geprikkel word vir die moontlike stigting van 'n Suid-Afrikaanse Studentebond. Hulle plan hiermee is blykbaar nie om dadelik oor te gaan tot die stigting van hierdie organisasie nie, maar om eerder die gedagtes daaroor ryp te maak.

Die leiers van hierdie beweging beoog 'n organisasie bo en behalwe die Afrikaanse Studentebond wat hulle voel nog steeds 'n taak het wat hy moet uitvoer. Hierdie beoogde Bond sal albei tale erken en beoog om kontak te bewerkstellig tussen die verskillende sentra op die wyse dat aktuele vraagstukke bespreek sal word.

DIS NUUT
DIS BETER
DIS GOED
NEEM U FOTOS BY:
FOTOKUNS
Tel. 3185
Tomstraat 82, POTCHEFSTROOM.

# HULLE IS BANG OM TE PRAAT

**Amerikaanse geleerdes wat die gelykheidsdogma nie as premisse aanvaar nie, word aan ernstige intimidasie onderwerp, het prof. P. J. Botha verklaar in die eerste van 'n reeks voordragte wat vanjaar deur die werkgemeenskappe van die S.A. Akademie aan die Potchefstroomse Universiteit, oor die vraagstuk van rassegelykheid, aangebied word.**

Prof. Botha, wie se voordrag as inleiding en probleemstelling bedoel was, het uit 'n werk van C. Putnam „Race and Reason" aangetoon dat heelwat geleerdes in sowel die suidelike as noordelike state van die Verenigde State, teenstanders van die gelykheidsdogma is, maar dit nie durf sê nie.

In baie universiteitsdepartemente van sielkunde, antropologie en selfs genetika geld die gelykheidsdogma tans as 'n vasstaande premisse wat nie betwis mag word nie.

Die studente word geïndoktrineer en praat hul leermeesters na sonder dat hulle met die werklike feite kennis gemaak het. As jong dosente dit waag om twyfel met die dogma uit te spreek, bring hulle hul loopbane in gevaar.

Die gelykheidsdogma, het prof. Botha verklaar, word in die V.S.A. veral gepropageer deur sogenaamde liberale humaniste, sekere politici, die kommuniste, sosiaal — wetenskaplikes en sekere teoloë.

*In die Westerse wêreld word die dogma deur verteenwoordigers van laasgenoemde twee groepe wyd en syd verkondig. Die sosiaal-wetenskaplikes meen dat hulle die leerstelling „bewys het" en teoloë aanvaar hierdie bewys sonder meer, omdat dit goed pas in die kraam van hul opvatting van Christelike broederskap en demokrasie. Die twee groepe steun mekaar oor en weer.*

Die gelykheidsteorie dateer uit die Franse revolusie met sy vryheid gelykheid en broederskap, maar die besondere opgang wat die gelykheidsteorie in die moderne tyd beleef het, spruit volgens Garrett uit vyf oorweginge: die opkoms van die moderne antropologie, die nasionaalsosialisme se onhoudbare rasseteorie, die opkoms van die swart nasionalisme, die invloed van die kommunisme en die beslissing van die Amerikaanse hooggeregshof in 1954.

VREES

*„Myns insiens moet 'n sesde oorsaak hierby ingevoeg word", het prof. Botha verklaar, nl. die diepe vrees vir oorlog in die Westerse wêreld en die onsekerheidsgevoel wat daarmee gepaard gaan."*

„Die geweldige afkeer en verset wat teen Hitler se onhoudbare rasseteorieë ingetree het, het die aanvaarding van die gelykheidsteorie bevorder en die slinger na die ander uiterste laat swaai. Omdat die Jode so onmenslik deur die Nazis vervolg is, het veral die Jodedom van die wêreld oorgevoelig geword vir alles wat enigsins na rassediskriminasie ruik."

BYMOTIEWE

Die stryd van die swart volke in Afrika om selfbeskikkingsreg, het prof. Botha verklaar, het oral simpatie verwek. Dit blyk egter dat Amerikaanse druk nie altyd sonder bymotiewe is nie, waaronder die winsbeja, soos geblyk het uit die poging om die kopermyne in die Kongo vir Amerikaanse belange te verkry.

Prof. Botha het verklaar dat Suid-Afrika van die gevaar van die gelykheidsdogma kan ontkom deur die wêreld van die valsheid van hierdie dogma te oortuig.

*„Ons het die waarheid aan ons kant maar ons taak sal wees om dit met die nodige bewyse op 'n kragdadige wyse by die res van die wêreld te laat inslaan."*

### DEBAT TEEN TUKKIES EN POTE

Die Debatsvereniging bied volgende Vrydagaand 'n interuniversitêre debat teen Pote en Tukkies aan.

Daar is op die oomblik nog nie 'n definitiewe onderwerp nie, maar tentatief is op die volgende besluit: „Welke van Engeland of Holland het die meeste beteken vir ons ontwikkelingsgang tot waar ons vandag staan".

# A.S.B. - AFVAARDIGING

**Die Julievakansie nader reeds en daarmee ook die jaarlikse A.S.B.-kongres wat vanjaar aan die Onderwyskollege in Pretoria gehou word.**

Die leier van die Puk-afvaardiging is mnr. Frik van Deventer, mnr. Roelf du Plessis tree as die verteenwoordiger van die Studenteraad op en mej. Hermien le Roux is die reismoeder.

Te same met die kongres vind ook die Opvoedkundige konferensie plaas waar mnr. Andries Coetzer die Puk sal verteenwoordig en die referaat daar sal lewer. Op die fakulteitskonferensie tree mnr. Frans van der Walt op met die referaat van die Puk.


Mnr. Roelf du Plessis
*Fotokuns*


Mnr. Frik van Deventer
*Fotokuns*

Die afgevaardigdes wat die Puk op die kongres sal verteenwoordig is die volgende.

J. J. de Jager.
R. J. P. du Plessis.
F. van Deventer.
G. Schutte.
F. A. de Villiers.
Mej. H. le Roux.

As waarnemers tree die volgende op:

P. A. Venter.
J. E. Bradley.
P. van der Walt.
Mej. W. Doubell.
W. Coetzee.
N. P. Heystek.

### EERSTE INTER-UNIVERSITÊRE KOERANT BEOOG

Op sy onlangs gehoue vergadering het die Afrikaanse Studente-persunie besluit tot die uitgee van hulle eerste interuniversitêre koerant. Daar word gepoog om hierdie koerant tydens die A.S.B.-kongres in Julie uit te gee. Indien die nodige finansies nie betyds gevind kan word nie, sal dit so spoedig moontlik in volgende semester verskyn.

### DR. F. J. DU PLESSIS LEKTOR OP TUKS


Dr. F. J. du Plessis

Dr. F. J. du Plessis, senior lektor in Ekonomie en Ekonomiese Geskiedenis aan die Puk, het 'n aanstelling as senior lektor in Geld en Bankwese aan die Universiteit van Pretoria ontvang. Dr. Du Plessis het vir hom groot naam op die Puk verwerf deur sy masjien wat hy ontwerp het waardeur die landsinkome gemeet kan word. Dr. Du Plessis aanvaar diens op 1 Julie in Pretoria.

# Geen vryheid meer?

Gedurende die week van 10 tot 15 Mei is 'n „Akademiese Vryheidsweek" gehou aan die Universiteite van Kaapstad en Wits. Dié geleentheid is gereël deur die Akademiese Vryheidskomitee, wat vanjaar 'n groot „viering" in die vooruitsig gestel het.

In Kaapstad het dit die vorm aangeneem van 'n dosent-studente debat. Die mosie onder bespreking op Maandag 13 Mei, was: „That Segregation is compatible with Academic Freedom".

Dinsdag is die onderwerp „Staatsonderwys op alle vlakke behoort geïntegreer te word" bespreek, deur „senior lede van die Nasionale, Verenigde, Progressiewe en Liberale Partye".

Die hoogtepunt op Woensdag is bereik deur 'n byeenkoms deur mev. Helen Suzman toegespreek oor „Tot nietmaking van vryheid in S.A." Prof. Le May het vanaf Wits gekom om dieselfde vergadering toe te spreek.

'n Soortgelyke week is aan Wits gehou, waar mnr. Ballinger, H. Fridjohn en mnr. A. D. Schreiner gepraat het oor onderwerpe soos: „Aparte Onderwys — Ekonomiese Aspekte", „Akademiese Vryheid" en „Die Herwinning van Universiteits-vryheid".

Donderdag is die week afgesluit deur in Durban al die Studenteraadsvoorsitters van NUSAS-universiteite, byeen te bring. Hier is 'n deklarasie onderteken om steun te herbevestig in die geloof van Universiteit en Akademiese Vryheid.

### A.B.K.K. STIG PUBLIKASIEKOMITEE

Die Algemene Bestuur vir Kuns en Kultuur het op sy jongste vergadering besluit om oor te gaan tot die stigting van 'n publikasiekomitee. Hierdie komitee sal verantwoordelik wees vir die verskaffing van nuus aan „Die Wapad" en ander instansies.

### FOTOGRAFIESE-KOMITEE AANGEWYS

Die Algemene bestuur vir Kuns en Kultuur het 'n fotografiesekomitee aangewys met mnr. Johan Wessels as die saamroeper. Dit het as doel om fotografie op die Puk te bevorder en sodanig te ontwikkel dat die komitee later in 'n vereniging kan oorgaan.

Hulle eerste aksie vanjaar sal wees die aanbieding van 'n fotouitstalling en die vertoning van skyfies tydens die A.B.K.K. se kunsweek. Die A.B.K.K. versoek dan ook studente om hulle fotos swart en wit en gekleurd in te skryf.

BESOEK ONS VIR VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE

**Transvalia Meubels**

Tel. 2157 Kerkstraat 180

P O T C H E F S T R O O M

„ONS MEUBELS WORD ERFSTUKKE"

# Gedrag van Durban se studente wek kritiek.

**Vir die derde keer en by drie afsonderlike geleenthede het die gedrag van studente van die Natalse universiteit onder verdenking en onder kritiek gekom.**

Die jongste voorval was Saterdagmiddag met die jaarlikse interkollege-byeenkoms tussen Durban en Pietermaritzburg in Pietermaritzburg.

Tydens Saterdag se rugbybotsings tussen die twee sentrums van dieselfde universiteit, is eiers, tamaties, leë bierblikke, bottels, meelsakkies en selfs brandende pakkies, wild op die Jan Smutsstadion rondgeslinger deur strydlustige studentegroepe. Honderde toeskouers het in hierdie deurmekaarspul daaronder gely, en verskeie van hulle het hul gramskap in duidelike taal aan 'n plaaslike Sondagblad gestel.

Verlede week het dit nodig geword om die gewone weeklikse sosiale byeenkoms aan die Universiteit in Durban te beheer nadat daar bakleiery uitgebreek het en die polisie se hulp ingeroep moes word.

Buitestaanders is vir hierdie moeilikheid verantwoordelik gehou, en die gevolg is dat 'n verbod geplaas is op die vrye toegang van vreemdelinge by die sosiale byeenkomste. Die eerste sodanige byeenkoms wat daarna gehou is, was 'n groot mislukking want net 'n handjievol studente het opgedaag.

### DR. C. D. ROODE TERUG

Dr. C. D. Roode, dosent aan die Potchefstroomse Universiteit wat vir twee jaar en nege maande aan die Universiteit Ottawa studeer het, het pas sy doktorsgraad in kliniese sielkunde met lof ontvang.

Dr. Roode, wat onlangs per vliegtuig na Suid-Afrika teruggekeer het, is die oudste seun van prof. M. C. Roode, hoof van die departement musiek en die Musiekkonservatorium aan die Potchefstroomse Universiteit en mev. Roode.

Dr. Roode se eggenote en twee kindertjies het reeds in Maart van Ottawa na Suid-Afrika teruggekeer.

# VYANDIGE STATE SAL NA S.A. OM HULPMIDDELS MOET OMSIEN

Die vernaamste voedingsprobleem van die blanke in Suid-Afrika is die van oorvoeding, het dr. F. W. Quass, direkteur van die Nasionale Voedingsnavorsingsinstituut van W.N.N.R., verklaar, voor die Afrika-Seminaar van die Potchefstroomse Universiteit.

Suid-Afrika, wat 'n kwart van die voedselproduksie van Afrika oplewer, se blankes is een van die besgevoede volksgroepe in die wêreld, terwyl blankes en nie-blankes gesamentlik tot baie naby die gewensde voedingspeil vir goeie gesondheid gevorder het.

Onkunde en ekonomiese en distribusieoorweginge bemoeilik dikwels die voeding van die hele volk, blank en nie-blank.

**Die vraagstuk Kwashiorkor wat nou dwarsdeur die land met mening aangepak word, kan heeltemal met die grootskeepse aanwending van poeiermelk uitgeskakel word.**

MELK

Hierdie poeiermelk wat oor gaar pap gestrooi word, is baie smaaklik en kan die meeste gebreksiektes onder Bantoekinders tussen een en vyf jaar uit die weg ruim, het dr. Quass gesê.

'n Enorme bedrag word deur die staat en partikuliere aan die gesondheid van die nie-blankes bestee. Aan voedselsubsidies word alleen R30 miljoen bewillig, terwyl meer as 700 hospitale, klinieke en distriksverplegingsdienste in stand gehou word.

BLANKES

**„Van die 2060 goedgekeurde vrywillige welsynorganisasies word 2000 deur blankes vir nieblankes in stand gehou", aldus dr. Kuass.**

SUID-AFRIKA

Ons kan glo en aanvaar dat die Republiek steeds een van die belangrikste voedselproduserende lande van Afrika besuide die Sahara sal wees en dat dit nog die vooraanstaande landbou-, nywerheids- en tegnologiese land sal wees. Die tans vyandige Afrikastate sal mettertyd na Suid-Afrika moet omsien om hulpmiddele en tegniese kennis, het dr. Quass verklaar, aangesien dit onseker is of die Westerse lande altyd met voedselgeskenke gereed sal staan.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

# DERDE MEESTERKONSERT

**Die Hongaarse strykkwartet tree vanaand in die Konservatoriumsaal op. Dit is die derde konsert in die reeks meesterkonserte wat deur die Potchefstroomse Universiteit aangebied word.**

Die program sluit in die Kwinte kwartet van Jos. Haydn, die sesde kwartet van Bartok en na die pouse een van die Beethoven kwartette Opus 59.

Zoltan Szekely, die primarius van die kwartet, was vroeër 'n baie beroemde violis en een van die intiemste vriende van Bartok. Gedurende die oorlogsjare het Bartok sy vioolkonsert aan Szekely opgedra.

Denes Koromzay en Szekely is die langste bymekaar, terwyl Michael Kuttner en Gabriel Magyar eers na die wêreldoorlog bygekom het. Hierdie strykkwartet wat net wêreldtoere onderneem sal onthou word van die Musiekfees in die Konservatorium in Mei 1960.

'n Strykkwartet is die mees intieme manier van musiekmaak — 'n soort van musikale gesprek ook terselfdertyd die hoogste genieting aan werklike musiekliefhebbers.

tussen die vier deelnemers. Dit behoort tot die moeilikste vorm van musiekgenieting maar gee

## „EENHEID" VERSKYN BINNEKORT

„Eenheid", 'n publikasie van die A.S.B., sal binnekort verskyn, luidens 'n omsendskrywe van die A.S.B. se direkteur van publikasies, mnr. Piet Strydom.

„Eenheid" bestaan uit sowat 56 bladsye en sal teen vyf sent aan die studente verkoop word.

Die bydraes is almal in populêre trant geskryf en is bedoel om die A.S.B. breër bekend te stel.

Die hoofbestuur van die A.S.B. publiseer hierdie blad in 'n poging om weer 'n kwartaallikse of maandelikse blad te laat verskyn.

# Program van Werksgemeenskap

**Die gesamentlike bestuur van die twee Potchefstroomse werksgemeenskappe van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het vir 1963 'n jaarprogram opgestel. Die sentrale tema van die referate wat gelewer word, is die vraagstuk van rassegelykheid.**

Op 29 April het prof. H. Venter gepraat oor *Die invloed van Engels op die Afrikaanse aksent- en Klankstelsel.*

Die res van die program is soos volg:

*Die vraagstuk van rassegelykheid.*

Prof. dr. P. J. Botha: *Die vraagstuk Geneties-Biologies benader.*

5 Augustus 1963: Prof. dr. J. H. Coetzee: *Die vraagstuk Volkekundig benader.*

9 September 1963: Prof. dr. J. M. Hattingh: *Die vraagstuk Psigologies benader.*

7 Oktober 1963: Prof. dr. S. du Toit: *Die vraagstuk Teologies benader.*

29 November 1963: Afsluitingsdinee.

Die gesamentlike bestuur van die Werkgemeenskap bestaan uit prof. F. J. Labuschagne (voorsitter), prof. P. J. Botha (onder-voorsitter), dr. J. A. L. Taljaard (sekretaris).

Die Akademieraad het ook besluit om 'n Gedenkboek, opgedra aan genl. J. B. M. Hertzog, uit te gee.

Die werk sal saamgestel word uit keurartikels wat in vorige uitgawes van die Hertzog-annale van die Akademie verskyn het.

'n Twintigtal artikels wat genl. Hertzog se werk as staatsman, as taal- en kultuurstryder, as regsgeleerde en as krygsman behandel, sal in die werk verskyn.

Die publikasie is moontlik gemaak deur 'n skenking van die Afrikaanse Persfondsraad.



Prof. F. J. Labuschagne

# Telstarsatelliete bied groot moontlikhede

— R. TRESIDDE

Met behulp van die drie Telstar satelliete wat op die oomblik om die aarde wentel, bestaan die moontlikheid dat 'n persoon in New York 'n modeparade in Parys oor sy televisiestel kan waarneem.

Volgens dr. A. Tresidder, attache vir openbare aangeleenthede van die Amerikaanse Ambassade, wat Dinsdagaand 'n vergadering oor Satelliet Kommunikasie toegespreek het, is dit alreeds moontlik dat kleur-televisie uitsending van Amerika na Europa kan plaasvind.

Dr. Tresidder het daarop gewys dat hierdie stelsel van baie groot waarde kan wees as 'n moontlike medium vir internasionale televisie. Baie praktiese probleme soos die bou van torings wat verantwoordelik is vir die weerkaatsing van die televisiegolwe (elke dertig myl) sal heeltemal te bowe gekom word met behulp van Telstar.

Teen die jaar 1980 sal daar ongeveer een honderd miljoen kabelgramme oor die hele wêreld versend word en dit sal tot gevolg hê dat die bestaande „roetes" heeltemal oorlaai sal word. Die moontlikheid is egter baie sterk dat Telstar ook hiervoor 'n oplossing gaan bied.

Vir hierdie briljante projek was daar duisende persone voor nodig. Dr. Tresidder het die voorspelling gemaak dat daar in die toekoms nog meer en briljanter dergelike uitvindings sal wees.

By hierdie geleentheid is daar kleurskyfies van die satelliet self en van die beheertorings vertoon.

# Volkspelegroep vir Kunsfees

**Tien pare van die P.U. Volkspelelaer gaan meeding in die kompetisie tydens die A.S.B. Kunsfees vanaf 8—12 Julie te Pretoria. Verlede jaar tydens die Kunsfees te Stellenbosch het die Puk derde plek verower. Hoë verwagtings word egter hierdie keer gekoester.**

Benewens die kompetisie wat reeds Maandagmiddag 8 Julie geskied, word daar vir die res van die week 'n Volkspelekursus aangebied. Met die voltooiing van die kursus word aan elke speler 'n diploma uitgereik.

Die R.D.B. Volkspelelaar van Potchefstroom het die P.U.-laer 'n pragtige wisselbeker geskenk vir kompetisies. Die bestuur het besluit om die beker aan die A.S.B. Interuniversitêre volkspelekompetisie te skenk. Die beker word ongelukkig eers die 17e Augustus aan die P.U.-laer oorhandig. Dus sal die beker aanstaande jaar aan die A.S.B. Volkspelekompetisie geskenk word.

Die Demonstrasiegroep is as volg saamgestel:

Neefs: Koos Vorster (leier), B. de Klerk, A. Venter, J. Kruger, M. Postma, N. van der Merwe, K. Heystek, T. Jooste, D. Steyn, P. van der Walt.

Niggies: M. Vorster, M. Bekker, T. Geere, E. Grundlingh, E. Mondriaan, S. Swanepoel, H. le Roux, H. Kruger, E. van Graan, E. Kruger.




## DIE BULT APTEEK

**Tomstraat 86**

Ons spesialiseer in:

- INNOXA-, VITAMOL-, COTY-Skoonheidspreperate.
- Egte Franse DANA PARFUUM, en
- Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

## KOLLEGE KAFEE

Gerieflik naby die UNIVERSITEIT.

Ons verskaf ETES

Alles wat u Hart begeer

Tomstraat 86. Tel. 958

POTCHEFSTROOM

## Wes-Transvaalse SPORT-WINKEL

Kerkstraat 85

enigste verskaffer van

**Offisiële Kleure**

## SUPERETTE

**Tomstraat 100**

**Potchefstroom**

Gerieflike en moderne self-bediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE, KOMBUISBENODIGDHEDE en GROENTE teen laer pryse.

## Onthou 3091

Potchefstroom

Skakel hierdie nommer vir diens!


die Wapad

# SUID-AFRIKAANSE STUDENTEBOND

Op bladsy een van die blad word vermeld van die pogings wat daar aan sommige van die ander Suid-Afrikaanse universiteite aangewend word om te kom tot die stigting van 'n Suid-Afrikaanse Studentebond. Die gedagte aan so 'n Bond is reeds baie jare oud, maar kon tot dusver nooit werklikheid word nie aangesien daar nooit eensgesindheid in hierdie verband verkry kon word nie.

Die gedagte aan hierdie Bond plaas ons ongeveer twintig jaar terug toe daar reeds pogings aangewend is om sodanige Bond te verkry. Die vraag is nou net of die probleme wat die stigting destyds onmoontlik gemaak het, dan nou verwyder is. In hierdie verband duik daar dan ook 'n hele paar vrae op.

'n Belangrike aspek is die grondslag waarop die stigters die Bond wil plaas. Dit is onmoontlik dat so 'n Bond sonder 'n grondslag kan wees. Wat gaan dan die grondslag wees? Word as grondslag die Christelike Nasionale aanvaar dan sal universiteite soos die van die Witwatersrand nooit daarmee kan saamgaan nie aangesien hulle nie skroom om te roem met hulle grondslag van liberalisme nie soos hulle Rektor dan ook onlangs gedoen het. Word liberalisme gebruik as grondslag sal die Afrikaanse universiteite weer nie kan saamgaan nie. Wat bly dan oor wat vir almal aanvaarbaar gaan wees? Ek sien geen lig nie.

Die leiers van hierdie nuwe beweging beoog 'n hele aantal doelstellings van hierdie bond. So moet daar op interuniversitêre vlak samesprekings gevoer word oor aktuele vraagstukke. Hier word daar nie gemeld of dit oor beginsake of praktiese aspekte gaan nie. Weereens gaan daar probleme ondervind word met die grondslag van die Bond.

Die vraag bestaan nou wat van die A.S.B. gaan word as hierdie Bond iets werkliks geword het. Volgens die leiers van die nuwe beweging het die A.S.B. nog 'n taak bo en behalwe die Suid-Afrikaanse Studentebond. Maar hulle voel dat die taak van die A.S.B. verskillend van aard is.

In hierdie verband word die A.S.B. weer voor 'n aantal vrae gestel wat hulle dringend sal moet oplos. Op die oomblik het die A.S.B. 'n tweërlei funksie, nl. die van verteenwoordigende of saambindende liggaam en die van kultuur- of beskawingsdraer. Die gedagtes van die stigting van die Suid-Afrikaanse Studentebond het dit des te meer duidelik na vore laat kom en sal die A.S.B. noop om opnuut te besin oor die aard van sy taak en bestaan. Daar was jare in die verlede wat die A.S.B. nie meer sy werklike taak vervul het van kultuurliggaam nie maar dat hy hom eerder op die politieke terrein beweeg het. Gelukkig is die rigting wat die A.S.B. die afgelope tyd bewandel het, afwykend van hierdie politieke terrein. In hierdie verband het hy hom skuldig gemaak aan die dinge wat N.U.S.A.S. vandag nog doen. Dit is immers nie taak van die studente om die werk van die politici oor te neem nie. Besinning oor die vraagstukke wat van landsbelang is, is wel nodig maar, moet daar dan oorgegaan word tot protesoptogte ens.

Die A.S.B. vervul egter vandag ook die rol van saambindende liggaam wat die verskillende Afrikaanse inrigtings vir hoër onderwys, saamsnoer in een liggaam waar daar oor vraagstukke van belang gekonfereer kan word. Wat gaan nou die geval wees as die Suid-Afrikaanse Studentebond tot stand kom. Watter van die twee gaan dan die saambindende wees?

Op die huidige oomblik vervul die A.S.B. hierdie taak en vorm dit in 'n mate die brug tussen die verskillende universiteite wat dieselfde grondslag van Christelik Nasionaal onderskryf. In 'n sekere sin is die A.S.B. dan oor die plaaslike Studenteraad.

Maar nou tref ons dit aan dat die Studenteraad weer oor die plaaslike tak van die A.S.B. gestel is en het die A.S.B. weer verteenwoordigers op die Studenteraad.

Hierdie is vrae waaroor die A.S.B. en die Afrikanerstudent hom oor sal moet besin. Dat die A.S.B. 'n krisis binnegaan is duidelik maar die saak kan twee wendinge neem. Negatief kan die A.S.B. sy houvas op die Studenteraad verloor en sy ipso facto lidmaatskap verloor. Die gevolg hiervan sal wees dat die A.S.B. sal bestaan uit lede wat uit hulleself aangesluit het en nie lid is omdat die Studenteraad geaffilieer is nie. Maar dit kan ook 'n baie heilsame resultaat hê. Die taak van die A.S.B. en sy verhouding tot die lede kan weer in die reine gebring word en die A.S.B. kan daar gelouter uit kom met nuwe vuur en besieling vir die saak en die taak waarvoor hy staan.

As die resultaat van die besinning toon dat daar bo en behalwe die A.S.B. nog 'n liggaam moet bestaan wat die Afrikaner en die Engelse student saam sal koppel, sal daar versigtig opgetree moet word. Die gedagte van die Suid-Afrikaanse Studentebond is goed maar die Afrikaanse studente moet waak dat hy nie met die hoed in die hand die Engelse studente nader om dan maar net weer bedroë daarvan af te kom. Wat gaan bv. gebeur as Albert Luthuli ook ere-president van hierdie liggaam word.


„VLEIS PASTEI en TAMATIESOUS asseblief . . . "

Turkstra

*TE KRY BY U KAFETERIA*


## In U Lig

# Swak, maar tog sterk

*2 Kol. 12 : 10: „Want as ek swak is dan is ek sterk".*

By alle mense is 'n vertoning van krag iets besonders. Alle indrukwekkende dinge is vir ons mooi, en dit word selfs by ons 'n strewe en 'n behoefte om belangrik te wees. Hoe meer eer en bewondering ek kan afdwing, hoe beter is dit. My kanse op sukses in die lewe hang af van my wetenskaplike vertoon, my gespierde liggaam, my imposante figuur of persoonlikheid.

Maar nou sê die apostel Paulus hier: „As ek swak is, dan is ek sterk".

Paulus was van nature 'n kragmens — ek bedoel in geestelike sin. Met vasberadenheid en ywer het hy sy wil deurgevoer. So sien ons hom voor sy bekering as yweraar van die wet. Tot in die fynste besonderheid kom hy die wet na. Een van die mees getrouste en ywerigste Fariseërs.

Maar dan werp God hom neer op die pad na Damaskus, en ontwapen hom van alle eie mag en eiewilligheid. Hy leer nou om te vra: „Here wat wil u hê moet ek doen".

Hy strompel Damaskus binne as blinde. Weg is al die grootdoenerigheid, al die eie waan, al die krag. Let dan ook op Paulus se vlug uit Damaskus — nie juis indrukwekkend nie, dit getuig nie van 'n kragdadige optrede nie. Maar so begin die weg van God met Paulus — klein en swak en nietig. Nou leer Paulus dat God 'n behae het in die dinge wat vir die oë van die mens klein en swak is.

Paulus was ook gepla met siektes en hindernisse. Hy bid ook om daarvan bevry te word, maar dit gebeur nie. Wel gebeur daar iets anders veel mooier en beter. God sê aan Paulus: „My genade is vir jou genoeg, want My krag word in swakheid volbring".

As studente leef ons ook veral in 'n gemeenskap waar eie eer en aansien geweldig baie tel. Laat ons dan insien soos Paulus dat ons deur ons eie krag niks kan vermag nie.

Laat die woorde van Paulus hier 'n besondere troos wees tot almal wat hulleself klein en gering voel — want dit dien as vertroosting. God wil ook in u swakheid sy krag volbring.

Maar laat hierdie woorde ook dien as ernstige vermaning tot die wat hulleself as sterk beskou. As ons ons sondes en swakheid bely sal daar ook van ons gesê kan word:

*„Die wat swak is, is sterk,*
*My genade is vir julle genoeg".*

W. J. van der Merwe.


## REDAKSIE

Hoofredakteur: Marius Aucamp. Telefoon 222.
Subredakteurs: Jan Bradley. Tel. X095 en Ghibeau Gerber. Tel. X041.
Nuusredakteur: Frank Laubscher. Tel. X068.
Sportredakteur: Hennie Viljoen. Tel. X068.
Rugby: Danie van Wyk. Tel. X041.
Varia: Susan Uys en Jan Bradley.
Kunsredaktrise: Marie Pienaar.
Interuniversitêr: Frans van der Walt.



*„LIEWE INGRAM, EK VERLANG..."*
*„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN..."*

*Besoek:*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

*Allerlei*

- ★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
- ★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN in bottels en blikkies

*ONS VERKOOP ALLE SOORTE KOELDRANKE*

**Kerkstraat 122**

**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**

# A.S.P.U. neem belangrike besluite.

**Die konferensie van die Afrikaanse Studente Persunie, wat die twintigste en een-en-twintigste Mei in Bloemfontein vergader het, het 'n hele aantal belangrike besluite geneem wat vir die Afrikaanse Studentekoerantwese van groot belang gaan wees.**

Die bestuur van A.S.P.U. het opdrag ontvang om voor die einde van die jaar 'n handleiding vir redakteurs te laat verskyn. Die verskillende lede van A.S.P.U. sal in samewerking met joernaliste en ander gesaghebbendes 'n publikasie laat verskyn waarin alle aspekte van die koerantwese vervat sal word. Sake soos bladbeplanning, laster, nuuswaardering ens. sal behandel word.

Verder is ook besluit tot die uitgee van die eerste interuniversitêre koerant. Daar sal gepoog word om die publikasie kwartaalliks te laat verskyn en later selfs maandeliks. Die blad sal saamgestel word uit die nuus van die verskillende universiteite in Suid-Afrika te same met buitelandse studentenuus wat d.m.v. A.S.P.U. se buitelandse nuusdiens verkry sal word.

Daar is ook aandag gegee aan die tegniese aspekte waarmee die verskillende studentekoerante mee te doen het. Interessant was veral dat die verskillende lede van die litografiese drukproses terugskakel na die lettertipe.

## AMERIKAANSE GELEERDE BESOEK PUK

„Probleme van rasse- en etniese groepe kan nie verstaan word tensy jy dit sien teen die lig van die historiese agtergrond", het prof. Brown van die Universiteit van Boston verlede Dinsdag voor die Teologiese studente verklaar.

As jy na die Verenigde State van Amerika kyk, dan tref jy, gesien in sosiologiese oogpunt, 'n groot verskil in rassegroepe. Maar die blanke vorm hier die meerderheid. Maar in 'n groot mate bestaan daar eenheid. Daar is 'n eenvormige politieke stelsel, eenvormige onderwysstelsel, een taal, ens.

Die gelykheid van kanse in die lewe word vandag nog beoefen en werk vandag nog steeds. Prof. Brown het dit egter duidelik gestel dat Amerika geen utopia is nie maar ook sy probleme het waarmee hy moet worstel.

# Studente raak slaags met polisie

**'n Tikkie lentekoors tesame met spanning voor die eksamens, was die oorsaak dat daar verlede week byna onluste tussen studente en polisie aan twee Amerikaanse Universiteite uitgebreek het.**

Honderde studente van die Brown Universiteit in die provinsie Rhode Island het vanaf die campus na die dameskwartiere van Pembroke en Bryant College marsjeer. Sommige van die dames het vir die manne onderklere afgegooi. Die manne het die kledingstukke triomfantelik verwyder.

Polisiehonde is gebruik om te verhoed dat die studente die stadsgebied binnekom.

Twee lede van die polisiemag het beserings opgedoen. Een is deur 'n klip getref, terwyl die ander een deur 'n polisiehond gebyt is.

'n Groep studente het een nag na die huis van President Barnaby C. Keeney van Brown Universiteit gegaan. Hy het 'n ultimatum aan hulle gerig nl. dat hulle binne vyf sekondes moes weg wees of anders sou hulle geskors word. Binne 'n paar sekondes was die terrein verlate.

Polisie het geskat dat ongeveer 1,000 studente aan hierdie demonstrasie deelgeneem het.

In New Haven is sewentien Yale studente na 'n ligte skermutseling gearresteer. Dit het gebeur nadat die polisie 'n klompie plesiersoekers by 'n lentefeestelikheid na hul kamers moes terugneem.

In Waltham, Massachusettes, het ongeveer 1,500 studente van Brandeis Universiteit oor die campus na die dameskwartiere beweeg, maar toe die polisie op die toneel verskyn, het hulle haastig uitmekaar gegaan.

## APOLOGIE

Die redaksie van „Die Wapad" wil hiermee apologie aanteken oor twee aspekte in die vorige Wapad. Eerstens ons verskoning aan mnr. Anton Roodt wat die tweede plek in die redenaarskompetisie behaal en nie mej. Barbara Geertsema wat nie deelgeneem het nie. Verder ook aan mnrr. Frik de Beer en J. F. Scholtz indien hulle te na gekom sou gewees het oor die invoeging in hulle brief wat in dieselfde uitgawe verskyn het. — (red.).

**JOUBERT'S**

FIETS- EN ELEKTRIESE DIENSTE

*Regoor Cachetpark, naas Reba kafee.*

*Laer pryse en spoediger dienste vir studente alleenlik.*

mes wat jul skoene so deursleep. Asook Skoenreparasie, veral da-

# Nederlandse Kamerkoor voor waarderende gehoor

**Die Nederlandse Kamerkoor onder leiding van Felix de Nobel het verlede week voor 'n waarderende gehoor in die Totiusgedenksaal opgetree.**

Die koor bestaan uit agttien beroepsangers en -sangeresse, maar deur sy innerlike samehang en dissipline, is dit in staat om vyf- en selfs sesstemmige werke volmaak weer te gee. Elke sanger in die groep ken elke werk deur en deur en benader dit skerpsinnig. 'n Mens kan onder meer aan hulle wisselende gesigsuitdrukking merk dat die sang van binne uit kom.

Die sang was wonderlik beheersd en vir geen oomblik was daar die gevoel van geforseerdheid nie. Treffende voorbeelde hiervan is gevind in die Crucifix van Antonio Lotti en die bekende Ave Verum van Mozart.

Die programkeuse is met groot kennis en goeie smaak gedoen. Heel paslik was die aanvang van die program met werke van Jacobus Clemens non Papa, wat getrou gebly het aan die Nederlandse tradisie in die goue eeu van die Nederlandse musiek. Onder hierdie werke was die opgewekte Sanctus met sy kunstig uitgewerkte polifone styl besonder treffend.

Die probleem van duidelike uitspraak deur agttien verskillende mense blyk by hierdie ensemble nie te bestaan nie, wat 'n bewys is van urelange toegewyde werk deur die koor en streng dissipline van die leier. Veral in die Volksliedere was die suiwere uitspraak bewonderenswaardig.

Byna volmaak was die rondheid, volheid en soetheid van die stemproduksie. Die vrouestemme het deurgaans bekoor met die suiwerheid van die soprane en die rykheid van die alte.

Die koor het geword die pronkstuk van die Nederlandse beskawing, in staat om aan die wêreld te wys wat dié volk op die gebied van die vokale musiek in die verlede gepresteer het en vandag nóg kan presteer.

## VOORSITTER VAN A.S.P.U.

Tydens die afgelope Afrikaanse Studente Pers Unie-kongres wat te Bloemfontein gehou is, is mnr. Marius Aucamp gekies as voorsitter, mnr. Chris van Wyk van Stellenbosch as onder-voorsitter en en mnr. Casper Landman van Pote as sekretaris.

Namens die Pukke asook namens „Die Wapad"-redaksie ons hartlike gelukwense aan mnr. Aucamp met sy verkiesing.

(J.E.B.).

## Skaakspelers verloor teen Wits

Die skaakspan van die Puk het onlangs 'n groot loesing op die lyf geloop teen Wits toe al die wedstryde deur Wits gewen is. Die volgende spelers het deelgeneem: Hans Fahrmeyr, Dawie de Bruyn, Joon van Rooy, Suzette Joubert, Nick Vreken, Petrie Coetzee en Andre Coetzee.

Dit is egter geensins 'n verrassing nie aangesien Wits die huidige houers van die interuniversitêre titel is.

**GISELA MAIWALD**

**Fotograaf**

★

Die fotograaf vir realistiese portretstudies

★

Tomstraat 100 — Potchefstroom

Foon 3099

## *Turkse studente betoog teen die inhegtenisname van president*


In Istanboel, die hoofstad van Turkye, het ongeveer vyftien duisend studente met die polisie gebots in betogings wat daarop gemik was om die vrystelling van die voormalige president van Turkye, Celal Bayar, te verkry.

Hierdie betogings is vooraf gegaan deur sesduisend studente wat vanaf die universiteit van Istanbul na die middestad gemarsjeer het.

## Studente mag Studenteraadsvergaderings bywoon

Die Studenteraad het onlangs besluit om die notules van Studenteraads vergaderings aan die massa oop te stel deur dit op die kennisgewingborde aan te bring. Verder staan dit enige student vry om die vergadering van die Studenteraad by te woon.

Die idee hiervan is dat die massa beter in staat sal wees om op hoogte te wees van die aangeleenthede van die Studenteraad.




**U GELD IN DIE JBS**

Die Johannesburg Bouvereniging is so Suid-Afrikaans soos die bodem. Dit bied u maksimum sekuriteit en 'n goeie wins op u geld. U kry wins plus gemoedsrus. Waarom bespreek u dit nie met u plaaslike JBS-takbestuurder of -agent nie?

JBS

**JOHANNESBURG BOUVERENIGING**

*75 Jaar van Sekuriteit en Diens*

A. R. FLEISCHACK & KIE,

Kerkstraat 199 POTCH Foon 108

BRIEWE VAN ONS LESERS

# *Onverdiende Kritiek*

**Geagte redakteur,**

**Vergun my die geleentheid om enkele woorde uit te spreek na aanleiding van die onverdiende kritiek op die Vreugdedagkomitee in die vorige uitgawe van „Die Wapad".**

Allereers moet ons die subtiele maar ongevraagde aanvalle op die voorsitter van die Vreugdedagkomitee betreur. Laat ons maar kritiek op 'n persoon agterweë laat — dit getuig nie van goeie smaak nie.

### Doel

Vreugdedag was vanuit finansieële oorwegings weliswaar nie 'n sukses nie. Dit is myns insiens te wyte aan onvoorsiene omstandighede en ook aan die feit dat dit 'n eksperimentele poging was. Die vraag is egter nou of ons net die geldelike faktor as maatstaf vir die sukses van Vreugdedag moet handhaaf. Hierop moet elke student ontkennend antwoord. Vreugdedag is 'n dag van blydskap, nie net vir die mense en die instansies wat daarby baat nie, maar ook vir die studentegemeenskap. Vanjaar was die vreugde van die studente by hierdie „rommelverkoping van 'n graad I klas" weereens merkbaar — en dit in 'n gees wat die naam en die karakter van ons universiteit geen oneer aangedoen het nie. Dat daar by dit alles nog 'n wins getoon kan word, dra by tot hierdie dankbaarheid.

Laat ons nie die soeklig werp op 'n enkele aspek van Vreugdedag nie, maar laat ons dit in die geheel besien. Dan moet ons die „hen en die kuikens" gelukwens met hulle grootse poging. Soveel gesonde studentepret regverdig ongetwyfeld so 'n groot organisasie.

Dankie,
N. J. Vorster.

## *NUUSFLITSE UIT STUDENTE-KOERANTE*

**PERDEBY:**

### WANVOORSTELLINGS

NUSAS se gedrag en optrede bly maar 'n probleem; dit dreig egter nou om 'n vervelige ergernis te word. Die „Perdeby" is in sy hoofberig billik verontwaardig en geskok oor die wanvoorstellinge wat Nusas van Suid-Afrika in die buiteland maak tydens internasionale studentebyeenkomste. Die „Perdeby" publiseer dan ook 'n hele reeks aanhalings uit amptelike stukke van Nusas; aanhalings wat Suid-Afrika as 'n siek gemeenskap voorstel en deurspek is met die volgende: „fascist rule", „indoctrination", „second OAS", „real police-state", ens. ens. Die „Perdeby" noem dit dan „skandelike en onverantwoordelike gedrag". Dit is tyd dat die Afrikaner student, en veral die A.S.B., ook sy stem duideliker sal laat hoor, te meer nog daar Nusas voorgee om die ganse studentepubliek van Suid-Afrika te verteenwoordig.

**VARSITY:**

### RYLOOPPROBLEEM

Benewens die hoofberig, wat handel oor die instelling van 'n leerstoel in die kernfisika aan die Kaapstadse Universiteit, bevat die „Varsity" nuus oor 'n (vir ons) interessante probleem, t.w. ryloop. Die Kaapstadse Stadsraad het naamlik besluit om alle duimgooiery op die hoofweg voor die universiteit te verbied. Daaroor was die Ikeys baie ontstoke en het hulle sommer onmiddellik 'n kommissie van ondersoek (van die S.R.) aangestel om die Stadsraad te gaan spreek. Hulle vind die Stadsraad baie onredelik om hulle belangrikste vervoer fasiliteite weg te neem. Die Stadsvaders is onder 'n morele verpligting om geskikte alternatiewe ryloop fasiliteite te voorsien — aldus die „Varsity."

### A.S.B. - TOER

Die departement toere van die Afrikaanse Studente Bond het weereens vanjaar 'n toer na die buiteland gereël wat gedurende die Desembervakansie sal plaasvind. Die toergeselskap sal onder andere Engeland, Amsterdam, Marken, Brussel, Parys, Milaan, Venesië en Rome besoek.

### DEPARTEMENT VAN BANTOETALE

Gedurende die Julievakansie vertrek mnrr. C. J. H. Krüger en J. A. du Plessis na Suid-Rhodesië en mnr. E. J. M. Baumbach na Noord-Zoeloeland met die oog op verdere taalkundige navorsing.

### A.S.B. STEL BEURSE BESKIKBAAR

Die Afrikaanse Studentebond beskik oor beurse vir studente wat hulle studies in België, Frankryk, Italië, Brittanje en die V.S.A. wil voortsit. Daar is ook binnelandse beurse vir feitlik alle studierigtings beskikbaar.

Vanaf 1 Oktober 1964 is daar ook 22 British Council Scholarships beskikbaar. Hierdie beurse wat ook 'n retoerkaartjie insluit, klasgelde en ander uitgawes, is vir een of twee akademiese jare beskikbaar.

Vir verdere besonderhede raadpleeg mnr. André Pienaar. Studenteraadskantoor, P.O.K., Potchefstroom.

### OUD - PUK MAAK NAAM IN TONEELWêRELD

Mej. Ruelle van Zyl, 'n oud-Puk wat in 1961 die rol van Lisette in „Liefde en Spelfoute" vir Thalia vertolk het, het haar toneeltalent opgevolg en is tans lid van Jaats (Johannesburg amateur toneel). Sy het die hoofrol gespeel in „Die verstoteling", wat op die 11e Mei by die Volkshoërskool opgevoer is.

## A.S.B. - KUNSFEES

**Tydens die eerskomende A.S.B.-kongres vind die kunsfees ook tegelykertyd plaas. Die Puk het in die jare wat verby is, ook deeglik van hom laat hoor op die gebied, en die verwagting is dat daar vanjaar ook weer 'n groot groep daaraan gaan deelneem.**

Vanjaar bied die kunsfees weer ook wye geleenthede vir die kunstenaars om hulle talent te toon. Plakate is reeds oral aangebring waarop volle besonderhede verstrek word. So is daar geleenthede vir debat, volkspele, sang, voordrag, fotografie ens. om in mee te ding.

Volgende week is vergadering belê waarheen alle belangstellendes uitgenooi word. Op hierdie vergadering sal mnre. Paul Kruger en Francois De Vililers teenwoordig wees om vrae en inligting in die verband te beantwoord en te verskaf.

### MNR. JOHAN VENTER VOORSITTER VAN UKOVS SE STUDENTE-RAAD

Mnr. Johan Venter is onlangs deur die massa van die universiteit van Bloemfontein verkies tot die nuwe voorsitter van die Studenteraad van U.O.V.S. Hy neem die piek in van mnr. Koos De Wet wat bedank het a.g.v. 'n aanstelling aan die universiteit.

★

**BEYERS CLAASSEN**
**Alleen Lombardstraat**

Besoek ons vir u fotos

### HENNIE VAN DER LINDE HOOFDIRIGENT VAN UKOVS

Intervarsity is weer in die lug. Op die Puk word daar vir die afgelope tyd reeds hard gesing om 'n dirigent vir intervarsity te kies. Vanuit Bloemfontein word berig dat die gees daar ook reeds hoogloop. Die onder-dirigent van verlede jaar, mnr. Hennie van der Linde is die hoofdirigent vir vanjaar en die man wat die Pukke vanjaar op Bloemfontein moet gaan haal.

### T.S.V. BIED FUNKSIE AAN

Die teologiese studente vereniging van die Puk bied vanaand 'n funksie aan ter stywing van hulle fondse. Allerlei lekkerny sal verskaf word.

# Pukke sien „Huwelik van Figaro"

'n Bus vol Pukke het Maandagaand 27 Mei na die opvoering van „Huwelik van Figaro" in die Klerksdorpse stadsaal gaan luister.

Jossie Boshoff wat die hoofrol vertolk het, is wat sang betref, oorskadu deur Nellie du Toit, wat 'n ondergeskikte rol gehad het. In die ondersteunende rolle het veral Nohline Mitchell uitgeblink.

Die manlike rolle is skitterend vertolk deur sangers soos Wolfgang Annheizer, Dawie Couzyn en Gert Potgieter.

Die S.A.U.K.-orkes het onder leiding van Anton Hartman opgetree.

### STUDENTE IN JORDANIë AGITEER

In Jerigo het honderd-envyftig studente van Jordanië onlangs deelgeneem aan pro-Nasser betogings. Die polisie het hierin ingegryp en hele aantal van hulle is gearresteer.

Hierdie betogings is die volgende week voortgesit in Ramallah, waarin honderde studente die betogings voortgesit het en verder geagiteer het teen die inhegtenisname van hulle mede-studente.

Die betogings het egter later hand uitgeruk en die leër moes ingeroep word om die skares uit mekaar te jaag. Intussen moet die leër nog steeds die strate patrolleer om onluste te vermy.

### UNIVERSITEITS-HOOFDE VERGADER

Uit Kaapstad is verneem dat die verskillende universiteite in Suid-Afrika goed verteenwoordig sal wees tydens die byeenkoms van universiteitshoofde van die Statebond wat aanstaande maand in Londen gehou sal word. Universiteite van dwarsdeur die wêreld stuur waarnemers na die konferensie. Hierdie konferensie vind slegs elke vyf jaar plaas.

BESOEK
**DIE BULT HAARKAPPERS**
**Tomstraat 86B, Potchefstroom. — Telefoon 1486**
VIR HAARSNY
VIR EIENDOM
VIR HORLOSIEHERSTELWERK
VIR TABAK, PYPE, SIGARETTE EN ANDER BENODIGDHEDE
*Eienaar: G. Schoonhoven.*

**BIERMANSKAP!**
LION
LAGER
**LEEUPLESIER!**
VZ004N/8




**Juistemint vrinne, toe ek nou die aand die hout in die gat toe gooi en die blits uit die bottel sit, leg ek mos in my kooi en gaat aan 't wonder, oor alles en nog wat. Ek reken toe vir my selwers, kyk ou bees, dit gaat sommer voor die ryp hier op ons plaats. Gan stuk probleme meer nie. Ons is 'n ou Moppie waarmee dit net nie sleg mee wil gaat nie. Net jammer dat prof. Bossie se „Easy Frees" spykerbanke 'n man se lende deur die romantiek laat opvreet. As 'n man glo nou net mooi op dreef kom op die twee duim spasie, met 'n effe warme onderonsie, word alles bederwe deur 'n woeste wilde gehoes en 'n geproes en 'n genies en wat dies meer sy. So word nou aan my vertel deur my slepende vrinne. Maar wat is dit nou per slot van spyker tussen vrinne.**

Ewenwel, so in die duister skiet my gedagtes wortel en ek dink aan 'n Sleep Menu vir my vrinne wat dit handig mag gebruik; dit lui so:

**Stapelvoedsel:** Klawerhof, Eikenhof, Paradys, Kulu, Taba Jäh, Op-het-Hoek en ander Pootreserwes.

**Aptytwekker:** Stap twee spoedige rondtes om die Campus met stewige paslike begelyding.

**Voorgereg:** Vyf Minute in 'n donker hoekie of onder 'n boom of een Pikkussie op elke draai om die Campus, na gelang meer as een (kussie).

**Hoofdis:** Fliek ('n Hitchcock-riller) of 'n aantal ure op 'n spykerbank of in die tennishuisie met 'n nadruk, of by die dam om die romantiese natuurskoon te bewonder of enigiets van die aard.

**Nagereg:** Uitdrukking sonder woorde met soetigheid opsioneel, hetsy met geur of daarsonder. Klante se gewoontes word gekonsidereer. Verlange tuis om die teekan word sterk aanbeveel.

Vrinne wat die Spyskaart geniet het, het 'n besondere goeie „Case".

PAUL KRUGER het MIEMSIE DUVENAGE eksegeties benader en 'n oulike teologiese kys het tot stand gekom.

PIETER COETZER en JULIANA VAN VUUREN van Pote het die winter met 'n warme kys beetgekry.

PATRYS CLOETE is so ewe gekys met THERESA WIID van voete. Vir wat wonder ek nou waar Patrys die naweek was. Baie geluk, seën en voorspoed op die gekysde pad.

So ewe is aan my meegedeel dat die volgende vrinne besig is met die Menu:

PIET GROTENDORST het 'n case in Klawerhof gevind. Hy raak knaend met ANNETTE BOTHA.

### GELUKWENSING

Mnr. Jan Bradley, die variaredakteur van die Wapad, het eenmaal drie ringe genoem: verloofring, trouring en vermeerdering. In die geval van hom en Louis Tiedt is dit: seëlring, vermindering ens. Hulle het deesdae 'n vaste permanente verhouding. Ons hartlike gelukwensing.

JAN RIEKERT glo aan stille waters, diepe grond, onder draai die liefde rond. LEEN DREYER van Kulu dink ook so.

Ou FLIP VAN COLLER skouer saans gesellig met ANNEMARIE KRUGER laan op en laan af.

RIEM MARAIS neem mos vir JANITA OOSTHUIZEN al slepend om na die mielie-oes op die Campus te gaan kyk.

LIEN SMIT het netjies vir HANS MALAN ondergesit. Geen wonder Hans is deesdae in so 'n trans nie.

LEO RAUTENBACH gaan steeds van krag tot krag met RIETJIE TOLLIG, oulik en mollig. Hy soek net die regte klippie.

GERRIT SCHOLTEMEYER en TILLA KUHN kannie verstaan waarom hulle bank Sondagaande in die saal, te midde van die Musiek, so kraak en kreun nie. Ek kan!

Hier is nou 'n spektakel. ALBIE VENTER en BERNARD BUYS sleep met die DE KOCK-TWEELING. Hulle is in die posisie van nog vis nog vlees, want onwetend is hulle besig met 'n uitruilskema.

Die koue maak JORRIE JORDAAN deesdae gedaan. Dit gaan darem nou warmer met ELSABE WAHL.

Die verandering van spyse wat HENNIE STYN van Taba Jäh na Klawerhof gemaak het, het 'n heilsame invloed op sy Anatomie. Hy kry nie 'n rookbreek nie want NICOLINE VENTER hou hom te besig.

Uithou, moedhou en kophou vrinne anders gaan dinge verflou.

VERLOWINGS: Die koors styg steeds. LIRIA JACOBS het vir PIETER BRUGMAN, onnie van Gimmies, die ja-woord gegee. Hy moes toe maar vir haar 'n verloofring gee.

ANSIE DE BRUYN van Paradys loop en spog met 'n pragtige blink steen, glo 'n geskenk van GERRIT COETZEE.

Ons hartlike gelukwense met julle vooruitstrewendheid en groot aspirasies.

Ai, die liefde darem, dis kortvat en vasvat en kort-kort vervat om vaster te vat.

Hou die blinkkant bo.
Jaffie Wakis.

## PARADYS IN GOEIE HANDE

Paradys een van die dameskoshuise van die Puk, en vroeëre republiek van die mans, het nou weer nader aan die mans gekom deurdat hulle nou weer saam met die mans van Uitspan en Heimat eet.

Verlede Maandag het die huisvader, mnr. C. P. van der Walt die dames kom welkom heet. Hy het gemeld dat die dames nou weer in goeie hande geplaas is. In sy eie geval het hy sy vrou ontmoet op so 'n saametery.

Die middag is afgesluit met die eet van wafels en stroop.

## Kulu en Over-de-Voor gesellig saam

Op egte boere wyse, nl. om 'n Kruiwa-kampvuur, het Kulu Over-de-Voor tydens 'n intertee in hulle vierkant onthaal. Die manne is getrakteer op koffie en toebroodjies.

Heerlike samesang gepaard met kunstige items het die aand gesellig laat omvlie. Dit was met 'n vertraagde aksie dat die manne die aand van die Kulu-dames afskeid geneem het.

Om die dames, vir hulle moeite te konsidereer, het die mans Kulu se klok geskaak, met die gevolg dat geen dame die volgende oggend flink uit die vere was nie.

## RINGTENNISBAAN VOLGENS OLIMPIESE STANDAARDE

Aan die noordekant van Dawie Dup het die uitbreidingsprogram van die Puk verder versprei deurdat die Dawie Doepers 'n ringtennisbaan gebou het, wat volgens een van hulle segsmanne aan Olimpiese standaarde beantwoord. Al verskil is egter dat daar 'n aantal bulte is, wat glo nie die bouers se werk is nie, maar toe te skryf is aan die feit dat daar te veel grond is.

## DAWIE DUP - SUID SE HOND GESTEEL

Die afgelope tyd pryk daar op die balkon van Dawie Dup Suid 'n hond met 'n oulike prop. Verder is daar ook 'n vlag aangebring. Die manne van Over de Voor kon die versoeking egter nie weerstaan nie en het die hond gaan leen. Gelukkig vir Over de Voor is die hond met sy prop gou weer terug gevind.

## Uitspan kom maak warm by Oosterhof

**Die mans van Uitspan het verlede Dinsdagaand 'n aangename intertee met die dames van Oosterhof gehad. Die dames van Oosterhof is in die laaste tyd bevoorreg om hulleself te kan warm maak voor 'n heerlike groot vuur in die sitkamer. Die mans van Uitspan het blykbaar hiervan te hore gekom en besluit om ook te gaan kyk hoe die vuur lyk.**

**Die aand was vir sowel die dames as die mans baie aangenaam. Hoe aangenaam dit was, kon die mense wat in die straat verbygegaan het duidelik hoor, want daar is lustig gesing.**

**Intussen maak Thys Celliers van die geleentheid gebruik wanneer die ander hom nie reeds voorgespring het nie. Rheta Malan help hom natuurlik hierin.**

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

**Kerkstraat 91—95** **Telefoon 1164 & 497**

**Borcherdstraat** **Telefoon 3431**

**POTCHEFSTROOM**

*Cachet Modes*

**(EDMS.) BPK.**

**TOMSTRAAT 92** **TELEFOON 1389**

**POTCHEFSTROOM**

★

Mooi wintermateriaal

★

Nomotta-wol in voorraad

# Over de Voor wen eerste ronde van koshuisliga teen Dawie Dup.

**In die eerste wedstryd van die pas ingestelde koshuisliga het die span van Over de Voor die span van Dawie Dup verslaan met 10—8. Hierdie wedstryd het reeds op die 20e Mei plaasgevind.**

Over de Voor was miskien in 'n mate gelukkig om te wen aangesien die span van Dawie Dup byna die hele wedstryd met sewe manne en soms met ses die vaste skrums moes binnegaan. Hulle agterlyn het die gevolge hiervan deeglik gevoel en het selde die bal gekry om daarmee te handel.



Koos Hattingh
*Fotokuns*

### Twee kenmerke

Die wedstryd het twee kenmerke gehad. In die eerste plek het die twee spanne met 'n besieling gespeel wat die eerste span van die Puk selde vanjaar gehad het. Hoewel elke speler op die veld nie van provinsiale gehalte was nie, is rugby gespeel soos dit gespeel moet word. Onder die voorspelers het veral 'n kwaai stryd geheers en manne soos Koos Hattingh, Jan Ackerman, Piet Bingle en Dawie Tromp, het mekaar goed opgedreun.



Spekkies de Villiers
*Fotokuns*

Die wenspan se punte het gekom van 'n drie deur Piet Bingle, 'n drie deur Hannes Visser wat albei vervyf is deur Koos Vorster. Vir Dawie Dup het Jan Ackerman 'n drie gedruk wat deur Spekkies de Villiers vervyf is wat ook 'n strafdoel oorgeklits het.

## EERSTE WEDSTRYD

Op Vrydag 31 Mei het Potchefstroom Universiteit se sokkerklub se A-span hul eerste ligawedstryd teen Universiteit se B-span gespeel. Die A-span het 5-3 gewen.

Die keurders mnre. A. van der Mescht en De Von Chevalerie het daarna 'n span saamgestel om teen Potchefstroom Dorp se B-span te speel.

Hierdie wedstryd vind Donderdagmiddag om halfvyf op die skouterrein plaas.

## VORDER

Die sokkerveld van die Potchefstroomse Universiteit, wat op die Oude Molenterrein uitgelê word, vorder fluks.

Die Universiteit doen alles in hul vermoë om hul sokkerspanne van die nodige te voorsien.

# VERRASSINGS IN TENNISKAMPIOENSKAP

Hennie Beukes en mev. Catie Llewellyn het Saterdag op die Wes-Transvaalse tenniskampioenskappe getoon dat hulle 'n gedugte paar in die gemengde dubbelspel is wat vanjaar moeilik geklop gaan word.

Hulle het maklik (6-0, 6-4) met D. Glasson en mev. P. Rudman afgereken.

Jimmy Llewellyn, wat aanvanklik swak begin het, verbeter met elke wedstryd en kan in hierdie stadium as een van die gunstelinge beskou word om die mansenkelspel in te palm.

Hy het Simon du Toit maklik met 6-2, 6-2 geklop.

**Fred Rudman, Pieter Stassen en Andrew Makkink kan saam met Llewellyn as die sterkste aanspraakmaker beskou word en het almal min moeite ondervind om hul wedstryde Saterdag te wen**

Makkink het eers vir dr. Boonzaaier met 6-1, 6-3 geklop waarna Scholtemeyer, die vlag met 6-4, 6-4 moes stryk. Prof. D. Smith is deur Stassen met 6-2, 6-4 uitgeskakel, terwyl Rudman vir Vorster met 6-3, 6-0 geklop het.

Mej. Petro Niemand het haar wedstryd teen mev. L. Steyn met 6-2, 6-0 gewen.

**Ander uitslae is: Mans dubbelspel, J. en T. Llewellyn klop D. Smith en T. Malan 6-4, 6-4; prof. Smith en G. Gouws klop D. Desfontaine en S. du Toit 6-4, 6-2. Gemengde dubbelspel, P. van der Walt en mej. R. Le Roux klop N. e nl. Botha 2-6, 6-4, 6-1; P. Smith en mev. A. du Plessis klop P. van der Walt en mej. Le Roux 6-2, 6-3.**


BRING U SLEEP NA DIE

## DIE REBA KAFEE

**Kom verfris uself met die beste verversings denkbaar.**

★

BUITELUG TAFELTJIES EN DEURENTYD WORD U MET MUSIEK TRAKTEER.

★

# STUDIE of PLESIER?

*ONS SAL U TOER VIR U REëL — IN DIE BUITELAND OF BINNELANDS.*

**ONS DIENSTE IS GRATIS**

**LUG — SEE — PAD**

*RAADPLEEG ONS EERS!*

*DIT KOS NIKS EKSTRA NIE*



# POTCHEFSTROOMSE REISBURO

Kerkstraat 150 Tel. 1425

POTCHEFSTROOM

**TREINBESPREKINGS — — HOTELBESPREKINGS**

*U is altyd welkom by ons kantoor — Gratis pamflette beskikbaar.*

# Verswakte eerstespan stel erg teleur teen Koöperasie

**Die wedstryd verlede Saterdag waarin die Puk met 19—5 deur Koöperasie geklop is, is seker een van die swakste wedstryde wat 'n eerstespan van die Puk in 'n lang tyd gespeel het. As 'n heelagter vanaf sy eie kwartlyn dwarsdeur hardloop en sy drie gaan druk sonder dat daar 'n vinger op hom gelê is, dan stem die 'n mens tot nadenke. Dit het Saterdag op die Park gebeur toe geen Puk naby die heelagter van Koöperasie gekom het nie.**

Dit was seker die swakste vertoning vanjaar. Die enigste verskoning wat aangebied kan word is die feit dat hulle sonder Jan Kruger, Jona Viljoen en Piet van der Schyff moes klaarkom. Maar dit is nogtans geen grondige verskoning nie.

Die eer gaan aan die voorspelers met Koos Hattingh, Koos du Plessis en Piet Bingle aan die spits wat altyd gewoel het in die los. Maar die fout het by die agterlyn gelê. Hulle het feitlik geen slaankrag getoon nie. Slegs kort na die begin van die tweede helfte het die span enigsins gelyk na die span wat hulle kan wees. Onder die agterspelers moet die name van Gieter van der Walt en Spekkies de Villiers genoem word wat altyd gewillig was maar net nie die ondersteuning ontvang het nie.

Die enigste punte van die Pukke het gekom van 'n drie van Koos Hattingh wat aangevoer is deur Gieter van der Walt.

In die voorwedstryd het Navy enigsins beter vertoon en die tweede span van Koöperasie met 16—15 geklop. Hier was dit weer die voorspelers wat die grondslag vir die oorwinning gelê het. Veral Solly van Vuuren en Paul du Plessis het die oog gevang. Drieë is gedruk deur Danie van Wyk en Dries Coetzer terwyl Willie Froneman twee drieë vervyf het en ook 'n strafdoel behaal het.

## O/19-SPAN LEEF SWAAR

Die onder negentien rugbyspan van die Puk wat vanjaar ietwat mank gaan aan ondersteuning, het die afgelope tyd die wind van voor gekry in hulle wedstryde, veral te wyte aan die groot aantal beserings waardeur die spelers gepla word.

Op 18 Mei is hulle deur Sasolburg 8-6 geklop en 'n week later het hulle drie elk teen Weermag gelykop gespeel.

## PUKKE STOEI VANAAND OP WITS

Die stoeispan van die Puk wat die afgelope tyd netjies vertoon het, kom vanaand teen Wits te staan. As in aanmerking geneem word dat hulle reeds teen Pote gewen het en Pote op hulle beurt weer teen Wits geseëvier het, dan moet die kanse van die span as uitstekend bestempel word.

Die volgende stoeiers tree vanaand op: Hans Fahrmeyr (kapt.), Piet Goosen, Basjan Jacobs, Leon Wolmarans, Kwaks Hakkesteeg, Johan Struwig.

Veral van Piet Goosen word daar baie verwag.



Buddy Howell
*Fotokuns*

# PUK-DAMES VAAR PUIK OP DIE HOKKIEPROEWE

## DRIE IN DIE WES-TRANSVAAL-SPAN

**Op Saterdag 18 Mei het die P.U. Dameshokkiespan werklik bewys gelewer van wat in hul steek, toe hulle die hokkietoernooi (wat as voorlopige proewe vir die Wes-Transvaalse Dameshokkiespan gedien het) gewen het, en boonop is ses van hulle speelsters uitgenooi na die finale proewe.**

Al die wedstryde op die toernooi het slegs twintig minute geduur, want elke span moes in minstens vier wedstryde deelneem.

Die dames het begin deur vir Dorp se tweede span met 'n telling van 8—0 te oorrompel. Dis voorwaar 'n puik prestasie en 'n baie hoë telling vir slegs twintig minute. In hierdie wedstryd is dit veral Buddy Howell wat met pragtige lopies die aandag getrek het. Dog die samespel was puik en die voorlyn het telkens in 'n reguitlyn deurgebars sodat Dorp nie geweet het waar om te keer nie.

Daarna was dit Lichtenburg se beurt om onder die Pukdames deur te loop. Hierdie wedstryd is 2—1 deur die Puk gewen, en hier was dit weer Buddy Howell en ook Esti Martins wat puik vertoon het.

In hulle derde wedstryd van die middag moes Strathvaal die knie voor die Puk buig, ook met 'n telling van 2—1.

Die Pukke het die B-afdeling van die toernooi gewen toe hul vir Goldfields West met 'n telling van 1—0 in hul vierde wedstryd geklop het. Die Puk-dames het dus skoonskip gemaak en met 'n puntetelling van 8 die B-afdeling gebuit. Pote was die wenners van die A-afdeling met 'n puntetotaal van 7. Hierdie twee spanne moes toe sake uitspook om te beslis wie as wenner van die toernooi huistoe kan gaan. Die verdediging van albei kante was egter rotsvas sodat daar geen telling in hierdie wedstryd aangeteken is nie. Die Pukdames was dus die wenners van die toernooi met 'n totale puntetelling van 9, teenoor Pote se 8.

In al hierdie wedstryde het die Puk die botoon gevoer en was dus deurentyd op die aanval. Die gevolg was dat die hele Pukvoorlyn na die finale proewe uitgenooi is, te wete: Buddy Howell, Esti Martins, Elrine van Deempter, Rina Alberts en Sarie Fourie. Verder is die Puk se doelwagter, Marianne Serfontein, ook uitgenooi.

Dis egter baie jammer dat die Puk nie ook teen spanne met 'n sterk voorlyn gespeel het nie, sodat die agterspeelsters hul slag kon wys. Hierdie agterspeelsters het dwarsdeur die toernooi nie veel kans gekry nie en daarom was daar nie meer van hulle uitgenooi nie.

Op die finale proewe wat Saterdag 1 Junie op Stilfontein gehou is, het drie Pukke daarin geslaag om die Wes-Transvaalse Dameshokkiespan te haal, nl.: Buddy Howell, Esti Martins en Elrine van Deempter.

# TAFELTENNISSPELERS VAAR SWAK OP TOER

Gedurende die afgelope lang naweek het die tafeltennisklub sy jaarlikse korttoer onderneem na Pretoria. Drie mansspanne het die toer onderneem. Die eerstespan onder leiding van Dries van der Walt, Kobie Viljoen en Schalk Erasmus, het twee van hulle drie wedstryde verloor. Teen die sterk span van Yskor het hulle met agt—twee verloor, terwyl hulle die span van Pretoria Normaal met 8—2 die loef afgesteek het. Tukkies was egter een te veel vir die eerstespan en het 10—0 met die louere weggeloop.

Die tweede span het nie veel beter gevaar nie en het ook alleen teen Normaal gewen. Hier was die krag veral Andre Coetzee wat uitmuntende spel gelewer het. Ook die derde span het teen Yskor en Tukkies verloor.

## Ikeys se Rugbyklub gee boek uit.

**Die Universiteit van Kaapstad gaan in die helfte van 1963 'n boek laat verskyn, „The Varsity Spirit" oor die geskiedenis van die Universiteit se Rugbyklub.**

Die boek is geskryf deur die Springbok, dr. Louis Babrow in medewerking met mnr. R. K. Stent, skrywer van verskillende boeke oor Rugby en Sport en sportredakteur van die Cape Times vir die afgelope agttien jaar. Die voorwoord is geskryf deur dr. J. P. Duminy, rektor en vise-kanselier van die Universiteit van Kaapstad.

Die inhoud van die boek bestaan uit die geskiedenis van die Universiteit se Rugby (1883—1963) en is saamgevat in verskillende hoofstukke. Dit bestaan ook uit sketse van groot figure wat kleur gegee het aan dié Rugby, pittige staaltjies, liedjies en foto's wat Ikeys se vooruitgang illustreer.

# Puk behaal eerste punte in liga

**Met 'n sterk eindpoging het die eerste rugbyspan die 25e Mei daarin geslaag om die eerste punte in die reeks vanjaar in te oes toe hulle die span van Western Reefs met 13—12 geklop het.**

Die telling was 'n goeie weergawe van die spel want die Pukkies was nie daardie rapsie beter in die wedstryd waarin maar min hoogtepunte was.

Spekkies de Villiers, wat die vorige Saterdag min welslae gehad het met sy skoppe na die pale, het egter beter gevaar en het twee vervyfskoppe en 'n strafskop deur die pale gestuur.

In die agterlyn het Piet van der Schyff een van sy beter wedstryde van die jaar gespeel en mooi met Jan Kruger gekombineer, maar Dries Redelinghuys het soms gesukkel om sy agterlyn weg te kry.

### Voorspelers

Die voorspelers het goed gevaar in die lynstane en in die los, maar in die vaste skrums het Piet Bingle op verrassende wyse die onderspit gedelf.

Verdere punte is aangeteken deur Jan Kruger en Johan Serfontein wat elk 'n drie aangeteken het.





SPAN WÊRELDWYD DIE KROON

DIE WÊRELD SE GROOTSTE VERKOPER IN KING SIZE VIRGINIESE SIGARETTE



Dubbele genot: koningsformaat, luukse filter, uitsoektabak

KSF 274A

# Puk môre teen Pote.

**Die wedstryd wat elke jaar die verbeelding aangryp, vind môre op Olënpark plaas wanneer die Puk se eerste vyftiental teen die span van die P.O.K. op die veld draf.**



Louis Kotze — agtsteman

Beide spanne beskou hierdie botsing gewoonlik as een van die belangrikstes van die jaar, met die gevolg dat dit altyd op 'n harde wedstryd uitloop. Vanjaar gaan geen uitsondering wees nie.

As 'n mens kyk na die twee spanne se onderskeie vertonings in die ligawedstryde vanjaar, moet die Pote, met verskeie provinsiale spelers in hul span, as die gunstelinge beskou word om môre te wen. Hulle sal egter geen maklike taak hê nie, want hulle gaan te doen kry met vyftien vasberade Pukke wat alles in die stryd sal werp om verlore prestige te herwin.



Proppie Celliers skrumskakel

Die Pote se troefkaart sal seker hul agterlyn wees, waar name soos Danie Cilliers en Hennie Smith (skakelpaar), Pohl, Trevor van Niekerk en Bokkie Blignaut pryk. Aan die anderkant bevat die Pukke se agterlyn 'n paar verrassings. Louw Erasmus, wat gewoonlik agtsteman speel, word uitgeskuif vleuel toe in die plek van Johan Serfontein wat nie beskikbaar is nie. Piet van der Schyff en Dries Redelinghuis, gewoonlik senter en losskakel resp., ruil posisies om.



Trevor van Niekerk vleuel

Onder die voorspelers van die Puk het Piet Bingle, Koos Hattingh en Koos du Plessis reeds vanjaar getoon dat hulle geen provinsiale span in die steek sal laat nie en met hulle aan die spits behoort die Puk se agttal die veld vol te speel.

Aan die Pote se kant het agtsteman Louis Kotzé al vanjaar 'n paar skitterende wedstryde vir Wes-Transvaal gespeel en hy behoort Gieter van der Walt en Piet van der Schyff heelwat las te gee.



Kobie Botha voorry

Die Puk se eerste twee spanne is:


P. de Villiers, L. Erasmus, J. Kruger, D. Redelinghuis, J. Aucamp, P. van der Schyff, K. van der Walt, J. Viljoen, P. Bingle (kapt.), J. Otto, J. Hattingh, S. van Vuuren, J. Kruger, J. du Plessis, P. S. V. van der Walt.



Lou Erasmus
*Fotokuns*



Koos du Plessis
*Fotokuns*



Piet van der Schyff
*Fotokuns*

# *Puk mans seëvier teen Goldfields in Hokkie.*

**Die eerste span van die manshokkie het die agttiende Mei in 'n baie goeie wedstryd daarin geslaag om die span van Goldfields met vier doele teen een die loef af te steek.**

In die begin was die wedstryd maar eers voel-voel maar daarna het die Pukke vlam gevat en baie goed vertoon. Die uitblinkers was veral Bossie Snyman, Daan Meyer en Peet Aucamp. Hulle al drie het dan ook elk 'n doel aangeteken.

Verlede Woensdag was dit Pote wat aan die beurt gekom het en weereens het die Pukke die botoon gevoer om met twee doele teen een die wedstryd te wen. Hierdie wedstryd het die eerste ronde van die liga afgehandel en tot sover het die Pukke met hulle goeie spel die toon aangegee in die liga en beklee dan ook die eerste plek op die punteleer nadat die eerste ronde in die liga afgehandel is.

# Pukke presteer op W.-Tvl. Judokampioenskappe.

**Op Saterdag 18 Mei het 8 Pukke aan die Wes-Transvaalse Judokampioenskappe te Stilfontein deelgeneem. Die prestasie van hierdie 8 manne kan met een woord as uitstekend bestempel word. Die Pukke het in 6 van die 7 gewigsafdelings ingeskryf en in elkeen van hierdie 6 afdelings het 'n Puk die finale bereik.**

In die onder 133 pond-afdeling het Thys Lourens pragtig vertoon deur gelykop te veg teen verlede jaar se kampioen in die onder 122 pond-afdeling en hierdeur die semi-finale te bereik.

Maarten Roode het al sy uitdunne elk binne enkele sekondes gewen en klop sy spanmaat Trys Lourens in die semi-finale. In die finale is Maarten geklop deur Simon Botha.

In die onder 147 pond-afdeling het Andreas de Jäger deurgedring tot die semi-finale en was baie ongelukkig om hier uitgeskakel te word as gevolg van 'n moeilike beslissing. Sy spanmaat Steve van der Walt verdien egter die hoogste lof vir die manier waarop hy die finale bereik het. Sy uitdunne het hy vinnig en oortuigend gewen en in die finale is 'n punt wat hy behaal het nie toegeken nie en word hy naelskraap teen die einde van die geveg geklop.

In die onder 161 pond-afdeling het André Greeff maklik die finale bereik. In 'n taai geveg is hy deur Des Knott, verlede jaar se kampioen in die laaste oomblikke van die geveg geklop.

Louis Coetsee het skitterend geveg en die finale gewen in die onder 175 pond-afdeling. Sy spanmaat Jo Neethling was baie ongelukkig om sy eerste uitdun te verloor.

Willie van Aarde het 'n reuse vertoning gelewer. Hy het in beide die onder 195 pond-afdeling en bo 195 pond-afdeling ingeskryf. In albei die afdelings moes hy teen baie ervare swartgordel-houers veg. In die onder 195 pond-afdeling is hy deur Kenny Davies in 'n pragtige geveg geklop. In die bo 195 pond-afdeling het Willie weereens 'n uitmuntende vertoning gelewer toe hy in die finaal deur mnr. Bill Jacobs geklop is. In hierdie geveg is daar geen punte aangeteken nie totdat daar later 'n wenner aangewys moes word nadat die geveg 'n paar minute verleng moes word.

Willie kon egter later die aand die bordjies verhang toe hy die ope kampioenskap kon wen voor die neuse van sy vroeëre teenstanders.

'n Wes-Transvaal-span bestaande uit 7 lede is gekies om op 1 Junie teen Oos-Transvaal te veg en aan Louis Coetsee en Willie van Aarde kon die eer te beurt val om by die span ingesluit te word.

# Landloop bied puik byeenkoms aan

## JAN BARNARD DING MEE

**Die landloopspan van die Puk wat die afgelope paar weke reeds myle afgehardloop het op die oefenbaan, bied volgende Saterdag 'n puik byeenkoms aan waaraan vyf spanne sal deelneem.**

Diggers, die span wat die afgelope paar jaar koning gekraai het in die landlooppliga aan die Rand, het ook 'n span ingeskryf. Onder die deelnemers van Diggers is daar die bekende name van die Springbok Jan Barnard, wat onlangs nog derde was in die Suid-Afrikaanse marathon. Verder is daar ook Sonny van Antwerp wat reeds groot naam vir homself gemaak het.

Lichtenburg word ook verteenwoordig deur 'n sterk span onder aanvoering van Wim Jansen, 'n man wat reeds op sy dag die kleure van Noord-Transvaal gedra het. Verder sal ook Pote en Weermag teenwoordig wees.

Die span van die Puk is egter heeltemaal in die prentjie met vyf Wes-Transvaalse landloopatlete in die persone van Baas Buys, Jurg van der Walt, Fanus Heystek, Leendert Snyman en Daan Smit. Hierdie span te same met Frank Laubscher, behoort aan die manne van Diggers goeie kompetisie te bied.

Die wapad word gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk, eienaars en uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O.

**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertandlekker hap neem - is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle - die keurbier vir louter plesier - in kannetjies of bottels.






**SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER**

Grant 346/8877-2A